# BOEKRESENSIES

K. Dirschauer, Leben aus dem Tode, Chr. Kaiser Verlag, München 1979, 167 pp. Prys R9,36*

'n Stewige, maar baie lesenswaardige boek wat die leser voluit inlei in die problematiek van die moderne denke en mooi perspektiewe open.

Dirschauer het as subtitel vir sy boek: "Grundlegung christlicher Frömmigkeit". Vir die fundering van die vroomheid gaan hy uit van die beskouinge oor dood en lewe. Wat dood en wat lewe is, word nagevors by drie moderne gedagterigtings, te wete die mediese wetenskap volgens verskillende fases, die sosiologie en die Marxisme. Telkens blyk dat waar die dimensie van die geloof en die transendente losgelaat word, 'n plaasvervanger-godsdiens na vore tree - 'n "Ersatzreligion"-, waar die vroomheid uitkom in die etiese los van die religieuse.

Daarna bekyk die skrywer die posisie in die Ou en Nuwe Testament en bring hy die gegewens van die nuwe Bybelwetenskap in berekening. Hy toon aan dat waar die lewende verhouding met die Here losgelaat word, word die vroomheid 'n wetsnakoming. Die vroomheid van Jesus word gekenmerk deur die liefde en is 'n diepe eenheid tussen die soeke om die wil van God te doen en die heil van die mense te verkry. Hy sê dat hier die religieuse daad die etiese handeling moontlik maak (88vv.). Ook word die vroomheid volgens die siening van die onsterflikheid van die siel volgens Plato aan die orde gestel.

'n Interessante aspek waarop Dirschauer wys, is dat in die lewe bepaal deur die rasionalisme, daar in die na-sekularistiese religieusiteit 'n onbegryplike irrasionalisme na vore kom, soos die politieke mite, die tegnologies-wetenskaplike utopie en vitale entoesiasme, en dat die kerk nie hierop voorbereid is nie (94vv.). Hy stel dan as die enigste antwoord op hierdie na-sekularistiese religieusiteit die Christelike vroomheid as lewende werklikheid van die kerk (97).

Die kern van die boek is dat die vroomheid gefundeer word in die siening van die dood en die lewe, en dat dit gevind word in die eenheid van geloof en etos; waar die eenheid verbreek word, kom 'n etiese wat ontaard. Hy lê

*Goedgunstiglik deur die N.G. Kerkboekhandel vir resensie verskaf.

klem daarop dat in die vroomheid van Jesus dit gaan om die doen van God se wil en die begeerte dat mense die heil ervaar (vgl. bv. 99). Hierdie vroomheid beteken dat die mens self die evangelie ervaar voordat hy kom tot die handeling in liefde (vgl. 109).

In die laaste deel van die boek gee die skrywer die vroomheidsoefeninge van die Christelike geloof waar hy uitgaan van die basiese sake soos die lees van die Bybel, gebed, die erediens (110vv.).

Hierdie boek is ryklik gedokumenteerd en bring mens in aanraking met die nuutste literatuur op hierdie terrein. Dit trek belangrike konklusies, hoewel die gevaar van veralgemening steeds dreig.

Waar sulke moeilike stof op ʼn kort wyse behandel word, kan verwag word dat dit nie so maklik lees nie. Tog is die lees van die boek die moeite werd. Dit gaan ʼn ongewone weg deur sake te verbind wat gewoonlik nie met mekaar verbind word nie: die saak van die siening van die dood en die lewe, en vroomheid wat daarmee saamhang. Daarby word die teologiese gesigspunte saamgelees met moderne beskouinge buite die teologie. Dit is ʼn wins hoewel die fenomenologiese ʼn te swaar aksent kry.

A.C.B.

---oOo---

P.B. van der Watt: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk deel 3 1824-1905, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1980, 221 pp. Prys R6,50.

In hierdie derde deel word die geskiedenis van die Nederduitse Geref. Kerk in die Kaapkolonie weer vervolg vanwaar dit in boek 1 afgesluit is. Die geskiedenis word rondom bepaalde temas vertel. Die indeling en opskrifte is baie goed gekies en inderdaad heel vindingryk. Soos in ʼn goeie kerkgeskiedenis staan die kerk steeds sentraal.

Hoofstuk 1 handel oor die Ned. Geref. Kerk op die weegskaal waaronder die verengelsingsbeleid van die owerheid bespreek word, die geestelike herlewings o.a. die ontstaan van die Pinksterbidure, die liberale stryd aan die Kaap en die kerkregtelike ontwikkeling. Op bl. 37 waar die hofsake waarin die kerk betrokke was met die liberale predikante bespreek word, kon daarop gewys word dat die kerk telkens sy sake verloor het omdat die verkeerde prosedure gevolg



In die tweede hoofstuk word die Ned. Geref. Kerk in die kalklig gestel en wel t.o.v. sy fisiese uitbreiding, die ontstaan van die teologiese opleiding en die kerk se interkerklike verhouding. Indien iemand sou wonder of die Ned. Geref. Kerk ooit betrekkinge na buite met ander kerke gesoek het, sal hierdie hoofstuk hom duidelik daarvan oortuig. Ook die mislukte kerkverenigingspoging in Transvaal (1885-92) word hier bespreek en die redes vir die mislukking word duidelik aangegee. Veral in ons dag waar daar pogings tot toenadering met ander kerke is, sal mens uit die gebeure van destyds kan leer.

Die kerk se wydvertakte bediening nl. barmhartigheidsdiens, onderwys, sending en gemeentelike arbeid kom in hfst. 3 onder bespreking. Baie interessant is die gegewens in hfst. 4 waar die Ned. Geref. Kerk in ander gewestes aan die orde kom, nl. Suiwes-Afrika, Rhodesië, Oos-Afrika en Argentinië waar ons ook kan lees van die stigting van ʼn gemeente aan boord van ʼn skip! Kerklike verdeeldheid kom in hfst. 5 aan die orde. Onenigheid binne gemeentes word bespreek (Tulbach - Kruisvallei, Burgers, Hanover en ander) asook die verskeurdheid in Transvaal na die vereniging in 1885 (dus ʼn vervolg op hfst. 2). Ook die sg. gemeentes onder die Kruis en die ongelukkige geskiedenis van die Scoutskerk word hier bespreek.

Die laaste hoofstuk handel oor die kerk in die smeltkroes nl. die kerklike lewe te midde van oorlogswolke. Die groot werk op kommando, in die konsentrasiekampe en in die krygsgevangekampe en die geweldige opheffingswerk na die oorlog in die voormalige Boererepublieke waaronder onderwys, kinderhuise word kortliks behandel. Ten slotte word aandag aan die ontstaan van die Raad van Kerke gewy.

Aan die einde van elke hoofstuk is daar literatuuraanwysings vir die belangstellende leser en student. Die boek bevat geen opstapeling van feite nie, maar op boeiende wyse word dinge in hulle verband bespreek en die lyn en ontwikkeling in die gang van die geskiedenis uitgestippel. Met verwagting word uitgesien na die laaste deel en ons hoop dat die geheel in Engels vertaal sal word vir ʼn wye leserskring.

C.F.A.B.

---oOo---

H.J.B. Combrink, J.L. de Villiers, I.J. du Plessis, A.B. du Toit (Red.), W.S. Vorster: Handleiding by die Nuwe Testament, Band IV - Die Sinoptiese Evangelies en Handelinge: Inleiding en Teologie. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1980, 281 pp. Prys R8,75.

Na die verskyning van Band I van die Handleiding by die N.T. is met verwagting uitgesien na die verskyning van die volgende band in die reeks. Dat dit juis Band IV moes wees, val miskien nie numeries in volgorde nie, maar wat behoefte betref, wel. So 'n studie in diepte van die Sinoptiese Evangelies en Handelinge vanuit eie bodem, is 'n lank gevoelde behoefte.

Dit kan as standaardwerk beskou word en die teologiese of Bybelkunde student wat dit as basis gebruik, sal nie anders kan as om besiel te word tot verdere studie en navorsing op hierdie gebied nie.

Die werk bestaan uit sewe hoofstukke. Die eerste twee word gewy aan 'n algemene inleiding tot die Evangelies en die sinoptiese vraagstuk. Die volgende vier hoofstukke behandel die inleiding en teologie van die sinoptiese Evangelies met 'n slothoofstuk oor: Die historiese Jesus en die verkondigde Christus. Sake wat in die twee inleidingshoofstukke behandel word, kom weer aan die orde by die behandeling van die Evangelies afsonderlik. Dit is egter geen lastige herhaling nie.

Soos verwag kon word, het elkeen van die skrywers sy eie benaderingshoek. Al sou 'n mens dit in ag neem, sou dit naïef wees om te wil voorgee dat jy nie graag in diskussie sou wou tree met die skrywers oor sekere sake nie. Om voorbeelde van sodanige sake te noem: Vir Vorster se bydrae oor Mk het ek die hoogste waardering - ook wanneer hy die valse teenstelling tussen geskiedskrywing en kerugma t.o.v. die Markusevangelie, afwys. Kyk hy egter nie so skerp "literêr" na die christologie van Markus dat hy aan die historiese nie genoeg aandag gee nie, ondanks, of liewer in die lig van sy stelling dat dit in Markus gaan om vertelling van Jesus as interpretasie van gebeure?

As 'n voorbeeld van vrae aan Du Plessis: Is die slotsin in par. 484 heeltemal verantwoord? Aan De Villiers: Is die inhoud van par. 626 nie te eenvoudig gesien nie - veral die tema wat daarvoor aangegee word?

Ongelukkig het die "drukkersduiwel" ook sy voet ingekry in so 'n werk. In 'n volgende uitgawe kan gekorrigeer word by paragrawe 255, 268, 438, 477.

P.P.A.K.